
**5.5.005 <u>Kerkplein</u>** [Erf nommer 277]

<u>Klubhuis van die Pretoria Klub</u>



Hierdie huis het op die noord-oostelike hoek van Kerkplein en Markstraat gestaan, dit wil sê op erf nommer 277. Dit het later die eerste klubhuis van die Pretoria Klub geword. Toe die klub in 1885 gestig is was Pretoria ‘n dorp met ongeveer 3,000 inwoners. Een van die persone wat ‘n groot aandeel gehad het in die stigting van die klub was Richard Kelsey Loveday, latere parlementslid vir Barberton [Pr-58, p. 23].

James Brooks het reeds in 1880 in die huis gewoon. Of hy die eienaar was is nie bekend nie. In 1880 is daar ‘n berig in De Volksstem [V 1880-07-13] wat meld dat die firma Holland & Keet verhuis het na ‘n nuwe kantoor langs die woonhuis van James Brooks op Kerkplein.

Daar bestaan ‘n groot wanopvatting, nl. dat die huis op die foto die huis van kaptein Struben was. Volgens Rex [Rex-03, p. 246] het hierdie erf op die noord-oostelike hoek van Kerkplein en Markstraat in 1859 aan Eizel of moontlik G.E. Izel behoort. Hy het dit aan H.W. Struben, die seun van kaptein Struben, verkoop wat ‘n huis daar gebou het. Dit is die huis wat in later jare die Pretoria Klub geword het.

Die erf wat wel aan kaptein Marinus Struben behoort het was erf nommer 321 aan die noordekant van die huidige poskantoor. Hy het die erf vroeg in 1857 gekoop en in 1859 ook die twee aangrensende erwe, in Vermeulenstraat. Of hy die huis op die erf gebou het en of daar reeds ‘n huis op die erf was toe hy dit gekoop het is nie seker nie. Op hierdie erf het kaptein Struben vir baie jare gewoon en sy winkelbesigheid bedryf [Rex-03, p. 244].

Vermoedelik het Pretoria se eerste woonhuis, ‘n eenvoudige hartbeeshuis wat aan Hendrik Vermeulen behoort het, op hierdie erf op die noord-oostelike hoek van Kerkplein en Markstraat gestaan. In hierdie huisie van Vermeulen het die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 26 Mei 1856 vir die eerste keer op die nuwe dorp Pretoria vergader [Rex-2, p. 23].

Die eerste stewige gebou op die erf is opgerig deur H.W. Struben aan wie Eizel die erf verkoop het. Die Struben-huis is waarskynlik vroeg in 1861, kort voor die uitbreek van die burgeroorlog, gebou. H.W. Struben het vertel: “I built a burnt-brick house some time before [dit is die burgeroorlog], I think the first in Pretoria which I afterwards leased to Govt. Secretary van der Linden” [Rex-3, p. 247].

Bronne

Atk-01 Atkinson, A.K.W. 1969. **Old Ivory and Roses: The Pretoria Club**. Pretoria: Wallach's Printing & Publishing. [foto]

Pr-58 Atkinson, A.K.W. 1968. **The Pretoria Club**. Pretoriana, Nommer 58, Desember.

Rex-02 Rex, H.M. 1975. **Besienswaardighede in Pretoria.** Ongepubliseerde werk, Nederduits Hervormde Kerkargiewe.

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Die geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria.** M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp5-002]